Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

# **Parashah 26:** *Shemini* (שמיני): Agste

*Dit het gebeur dat op die agtste dag Moshe vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra'el geroep het en vir Aharon gesê het: "Vat vir jouself 'n bulkalf as sondoffer en 'n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek en offer hulle voor* יהוה*."* Lev. 9:1 en 2 – PWL[1]

**Torah: Lev. 9:1 tot 11:47**

- 'n Afgesonderde Priesterdom.
- Lev. 9:1 – Op die Agste Dag.
- Lev. 10:1 tot 11 – Vreemde Vuur.
- Lev. 10:16 – En Moses het rondgesoek.
- Levitikus 11:1 tot 47 – YHVH se Voedselvoorskrifte.

**Haftorah: 2 Sam. 6:1 tot 7:17 -** Dawid Bring die Ark Terug na Jerusalem.

**Hernieude Verbond:** Mark. 7:1 tot 23; Mark 9:1 tot 13; Hand. 5:1 tot 11; 10:1 tot 35; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Gal. 2:11 tot 16; 1 Pet. 1:14 tot 16.

*We are not going to organize something for God to bless – Leonard Ravenhill*

*The only right a bondservant of YHVH has, is the right to give up his rights.*

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

*These days some teachers seem to be more concerned with being politically correct than with being Biblically accurate.*

*The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth* – P. Abelard

# Midrash (Torah Bespreking)

## 'n Afgesonderde Priesterdom

Die vorige parashah, *Tzav,* het geëindig met die toewyding van Aäron en sy seuns – 'n seremonie wat sewe dae geduur het (Lev. 8:1 tot 36). Parashah *Tzav* word dan ook afgesluit met hierdie woorde:

*Daarom moet julle by die ingang van die Tent van Ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank;* ***julle moet die opdragte van*** יהוה ***hou, dat julle nie sterf nie****, want so is ek beveel." So het Aharon en sy seuns alles gedoen wat* יהוה *deur die hand van Moshe beveel het.*
Lev. 8:35 en 36 – PWL.

Elke priester moes die opdragte van YHVH hou (*sh'mar* – bewaak en bewaar) sodat hy nie sou sterf nie. In hierdie week se Torah en Haftorah Skriflesing sal die belangrikheid hiervan duidelik uitgespel word!!

Die priesters was uit die stam van Levi, maar die wat diens gedoen het in die tent van die tabernakel was Kehat en sy nageslag. Gerson en Merari en hulle nageslag se dienswerk was die afbreek, vervoer en oprigting van die tabernakel. As te ware kan ons sê dat hulle slegs diens gedoen het in die binnehof van die tabernakel. Hierdie dien as herinnering dat nie alle priesters in die Heiligdom van YHVH toegelaat word nie!

Die geskiedenis van Israel leer ons ook dat indien die priesters afvallig geword het, het die hele volk afvallig geword, maar daar was altyd 'n klein groepie wat getrou gebly het!

*Maar die Levitiese priesters, die kinders van Sadok,* ***wat die diens van my heiligdom waargeneem het toe die kinders van Israel van My af weggedwaal het****, hulle moet na My toe nader kom om My te dien en voor my aangesig staan om aan My die vet en die bloed te offer, spreek YHVH-God. Hulle moet in my heiligdom ingaan, en hulle moet na my tafel toe nader kom om My te dien en my diens waarneem.* Eseg. 44:15 en 16.

Elke priester moes getrou bly aan sy taak soos dit in Torah uiteengesit was. Dit dien as herinnering dat ons soos die kinders van Sadok moet wees wat Torah-getrou bly, selfs te midde van geestelike verval van die wat hulle as priesters van die Allerhoogste voordoen!

Daar is ook 'n ander geestelike les te leer uit die onderskeid in die dienswerk van die nageslag van Kehat, Merari en Gerson, naamlik: Daar is vandag talle wat by die brandofferaltaar van wedergeboorte diens sal verrig, maar nooit die Heiligdom van gehoorsaamheid aan Torah tot heiligmaking binne sal gaan nie.

*Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in, maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!* Matt. 7:13 en 14 – PWL.

*Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!'* Matt. 7:21 tot 23 – PWL.

Torah-gehoorsaamheid is die nou hek en die smal pad na die Afgesonderde (die Heiligste) van die tabernakel waar ons 'n ware en lewensveranderende ontmoeting met YHVH ons Vader-God sal hê! Yeshua kom 'n bruid kom haal wat aan Torah gehoorsaam sal bly en daarom in die Heiligdom (Afgesonderde Plek) diens mag verrig.

As koninklike priesterdom moet ons opgelei, toegerus en ingehuldig (toegewy) word om dienswerk in YHVH se Koninkryk te kan verrig. Dit is juis vir die doel wat die Geskrifte vir ons gegee is:

*Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydigheid en opregtheid sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad.* 2 Tim. 3:15 en 16 – PWL.

Ons moet ons taakomskrywing, wat in Torah uiteengesit word, met vreugde ontvang en uitvoer. Ten opsigte van die priesterdom (*kohanim*), skryf Madeliene van Heerden van ons Torahklub (corban@telkomsa.net) die volgende:

> *Dink maar aan die inhuldigingseremonie van 'n president. Dit is die amptelike manier waarop 'n hele nasie erkenning en gesag aan daardie man gee om namens hulle besluite te neem en hulle te verteenwoordig. Dit is ter selfder tyd ook die manier waarop die res van die wêreld die gesag van daardie persoon erken. Geliefdes, dit is waarvan ons hierdie week lees. Ons leer wat is YHVH, die Koning van die heelal se manier om Sy gekose verteenwoordigers amptelik aan die volk en aan al die ander nasies bekend te stel.*
>
> *Meeste maatskappye en organisasies het vandag 'n 'mission statement'.Wat sal die 'mission statement' van 'n priester van die Allerhoogste wees?'..... on earth as it is in heaven....' Matt 6:10. Ek kan dit nie beter as ons vriend Rabbi's Son stel nie:*
>
> *So what is a **kohen**? Contrary to our modern Western mindset, the role of a **kohen** is <u>not</u> the role of a 'religious' leader. A **kohen** is not a cleric; a **kohen** is instead an ambassador of a kingdom. A kohen is one who stands-in for a king – or of course God – in affairs of State.*

*A **kohen** is a trusted agent chosen, commissioned, and authorized by a king to speak prophetic declarations and perform diplomatic functions on that king's behalf, in that king's place and stead.*

*A kohen's function is not to preside over religious rites – but is instead to administrate and execute GOVERNMENTAL DECREES. A kohen is also one who has a diplomatic right of passage into realms which ordinary citizens cannot go. And as long as we travel with the Kohen, Beloved, we share in and enjoy the benefits of His diplomatic right of passage.*

*Are you beginning to get it, Beloved?*

*In other words, the guiding life-principle of a kohen of the Holy One is "on earth as it is in Heaven." To function as a kohen therefore is not to hold an honorary title or to fill an office. To be a kohen is to be **a servant** – one whose chief goal in life is not to experience the Holy One's glory personally but is instead **to guide others into – and then lovingly chaperone them through – the various kinds of God-encounters the Holy One has in store for them.***

*To function as a kohen you see is to make sure that it is the Holy One – and Him alone – that is honored, sought after, praised, and glorified by the Bride-to-be. For a kohen all that matters is **helping ordinary people who come with hunger for the Holy One's Presence to experience, bask in, and respond appropriately to the transcendent majesty of the God of Avraham, of Yitschak and of Ya'akov**.*

*A kohen does this not by drawing attention to himself but by enabling true worshippers to see the One their soul loves as awesome in power, yet altogether lovely, desirable, accessible, and approachable.*

Ons word deur wedergeboorte priesters volgens die Priesterorde van Melgisedek en ons word deur heiligmaking (afsondering) priesters wat geskik is vir dienswerk in YHVH se Heiligdom. Vader-God wil nie hê ons moet slegs in die Binnehof by die brandofferaltaar van wedergeboorte diens doen nie. Nee, Hy wil hê dat ons deur die water van die bronswaskom van Torah-gehoorsaamheid gewas moet word om Sy Afgesonderde Plek (Heiligdom) binne te mag gaan om sodoende in sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid te staan en daagliks te lewe. Dit is die lewe in oorvloed in Yeshua Messias waar Satan nie kan steel, slag en verwoes nie (Joh. 10:10).

**Bepeins of Bespreek:**

1. Wat leer Eseg. 44:23 en 24 ons om as priesters te kan doen, en wat moet ons doen, alvorens ons ander kan leer volgens die opdrag*: En leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het* (Matt. 28:19)? Hoe kan ons ander wil leer as onsself die basiese van priester wees nie verstaan en nie doen nie?

2. Voldoen jy as priester aan die vereiste van 2 Tim. 2:15? Is jy al getoets (beproef, geeksamineer) of jy die Woord van die Waarheid reg sny (onvervals verkondig)? Onthou: Eksamen skryf is nie die plek waar jy leer nie, maar waar jy getoets word wat jy geleer het!

## Lev. 9:1 – Op die Agste Dag

*Dit het gebeur dat op die agtste dag.....* Lev. 9:1

Na die sewe dae inhuldigingseremonie begin hierdie week se parashah op die agste dag: *Dit het gebeur dat op die agtste dag Moshe vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra'el geroep het en vir Aharon gesê het....*

In Torah word daar altyd 'n patroon ('n bloudruk) gevestig wat telkens herhaal word. Daarom herinner Jes. 49:9 en 10 ons daaraan dat die einde deur die begin bekend gemaak word. YHVH vestig altyd die basis van Sy Raadsplan in Torah en daarom is dit so belangrik om Torah te bestudeer en prakties toe te pas. Dit is veral belangrik om te let op enige patroon wat YHVH vestig, want hierin is daar toekomstige gebeure verskuil, asook belangrike heilswaarhede om van toepassing te maak op ons lewens as geregverdigdes in Yeshua.

Een so 'n patroon is die siklus van sewe wat gevolg word deur die agste (7+1 = 8). Sewe dui op volmaaktheid en voltooiing, en agt op 'n nuwe begin of op dit wat volg op voltooiing en volmaaktheid. Sewe dui op die hede en agt op die toekoms.

Daar is verskeie voorbeelde waar die getal 7 in YHVH se Raadsplan voorkom, soos byvoorbeeld:

- Die 7 dae van die Skepping (Gen. 1:1 tot 2:3).
- Die 7 vertakkings (sy-arms) van die menorah (Ex. 25:31 tot 40) en die sewe menorahs (Yeshua) in die midde van die sewe gemeentes (Openbaring 2 en 3).
- Die sewe Feestye van YHVH – 'n volmaakte prentjie van YHVH se reddingsplan van herstel (Levitikus 23).
- Die 7 dae van die Fees van Ongesuurde Brood (Lev. 23:6 tot 8).
- Die 7 dae van die Fees van Tabernakels (*Sukkot*) (Lev. 23:33 tot 35 en 39 tot 43).
- Die 7-voudige Gees van YHWH.
- Die 7 dae van toewyding van die priesters.

So is daar ook verskeie voorbeelde van die getal 8 – dit wat volg op sewe en wat 'n nuwe begin aankondig of die begin is van dit wat volg op voltooiing van YHVH se Raadsplan.

Hoewel die syfer 8 meestal as verwysend na ‘n nuwe begin beskou word, of na die begin van dit wat volg op voltooiing van YHVH se Raadsplan, is die meer korrekte betekenis die begin van ‘n nuwe siklus. Vergelyk byvoorbeeld:

- Die weeklikse Shabbat wat die siklus van weke verteenwoordig. Die agste dag van die week wys op die voltooiing van die siklus van sewe dae en die begin van die eerste dag van die week.

- YHVH se tydplan van herstel strek oor 7000 jaar waarna daar ‘n nuwe begin (‘agste jaar’ van ewigheid) sal wees van ‘n nuwe hemel, nuwe aarde en nuwe Jerusalem.




- Die Agste dag (*Shemini Atzeret*) wat die begin van die nuwe siklus van die feestye (Bestemde Tye) en van die Torah Skriflesings (parashot) ‘aankondig’.

- *B’rit milah*, die besnydenis op die agste dag – die begin van ‘n nuwe lewensiklus

- Noag en sy huisgesin was altesaam 8 wat die sondvloed oorleef het en ‘n nuwe siklus op die aarde begin het.

- Dawid was die agste seun van Isai – nuwe siklus van ‘n koning vir Israel.

- Aäron en sy seuns het hulle dienswerk op die agste dag begin – die begin van die siklusse van priesterskap.

- Psalm 119 is in 22 strofes verdeel, elk bevattende agt verse – elke strofe is ‘n nuwe siklus van die lofprysing van YHVH se Torah.

- Yeshua het aan die einde van die sewende dag (die Shabbat) opgestaan en so profeties die begin van ‘n nuwe siklus op die agste dag (dus die eerste dag van die week) van geregtigheid deur geloof ‘aangekondig’.

- Die shabbat is die sewende dag van rus, waarna ons op die agste dag nuut begin.

- Ps. 23:3 lees - *Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore (paaie) van geregtigheid, om sy Naam ontwil.* Die woord spore in Hebreeus is *ma'galah* en beteken ook *siklusse* en daarom kan ons dit ook lees as: *Hy lei my in die siklusse van geregtigheid.*

Onthou: Beide ‘n lewe van wedergeboorte en genade van sondevergifnis is die begin van ‘n nuwe siklus. Vergifnis op grond van genade is die begin van ‘n nuwe siklus van Torah-gehoorsaamheid – as te ware is vergifnis telkens die begin (die oor begin) van ‘n nuwe lewe van Torah-gehoorsaamheid in Yeshua. Vergifnis is nie slegs sewe maal nie, maar wel sewentig maal sewe (Matt. 18:22). Dit beteken dat YHVH nie ‘n beperking op vergifnis plaas nie! En Hy

verwag dieselfde van ons!! Soos Vader-God ons telkens ‘n kans gee om nuut te begin, so moet ons ook ons medemens dieselfde gun.

Wanneer ons dus die getal 8 in die Skrifte teëkom, dan verwag ons ‘n nuwe begin wat ‘n ewigheidsgedagte behels! Daarom het die priesters op die agste dag begin met hulle dienswerk – ‘n ewigdurende dienswerk in YHVH se koninkryk.

**Bepeins of Bespreek**

1. In Lev. 9:23 lees ons dat die Gemanifisteerde Teenwoordigheid (Heerlikheid) van YHVH het aan die hele volk verskyn. Dit het gebeur nadat die tabernakel volgens YHVH se plan voltooi was, en na die toewyding van die priesters en nadat hulle al die dinge gedoen het wat YHVH hulle beveel het en nadat die eerste offerhandes gebring was. Wanneer sal YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid onder die hernieude verbond aan ons as individu en volk verskyn? Sal dit nie gebeur nadat die patroon van die ou verbond in die hernieude verbond gevestig en vervul is nie?

2. In Lev. 8:24 lees ons dat *vuur het van die aangesig van YHVH uitgegaan en op die altaar die brandoffer en die stukke vet verteer*. Dit is die lieflike geur van die offerande wat deur YHVH aanvaar word (Lev. 8:21 en 28 en ander teksverse). Word dit wat jy offer ook deur YHVH se vuur verteer as ‘n lieflike geur of verrot dit op die altaar en gee die reuk van dood af?

3. In Lev. 8:24 leer ons dat die gevolg van die verskyning van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid was dat die volk op hulle aangesigte geval het. In die verband skryf Mark Huey die volgende:

   *As an aside, it is interesting to note two things from this account. First, note the reality that witnessing supernatural actions “in person” can generate enough fear to buckle the stiffest of knees. Secondly, we must take note that the witnesses to the glory falling and the consuming fire fell on their faces. This incident, and others throughout the Scriptures (cf. Genesis 17:3; Numbers 16:4; Joshua 5:14; Daniel 8:17; Matthew 17:6), indicate how people generally responds to the presence of God. Back in the early to mid-1990s a phenomena was moving through charismatic circles, and was known by a variety of names such as the “Toronto blessing” or “holy laughter.” As people claimed to have been blessed by various speakers, etc., many were falling down under the purported “power of the Holy Spirit.” In many cases, as they were being prayed for, the typical response was to fall on one’s back as the forehead was being touched, rather than forward on the face, as is typical from the Scriptural examples.*
   *Things like this should make one pause and ask just what kind of a “spirit” was being served in those meetings. If more of the participants had been Torah observant and trained, there would probably have been an immediate recognition that these actions were not lining up with the established testimonies of the Scriptures. Thankfully today, as more and more Messianics become better acquainted with the basic principles of the Torah, deviations like these will be more obvious and the warnings to the curious will be uttered with greater conviction and knowledge of the truth.* (*Shemini,* www.outreachisrael.net)

## Lev. 10:1 tot 11 – Vreemde Vuur

*Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het elkeen sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer, wat Hy hulle nie beveel het nie. Vuur het vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan en hulle verteer en hulle het gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה.* Lev. 10:1 en 2 – PWL.

Talle Christene sien die Nadab-Abihu-gebeure as nie meer van toepassing nie, omrede hulle glo dat onder die genade van die hernieude verbond is hul vry van die wet (die Torah – YHVH se onderrig en instruksies). Daar word egter vergeet dat al hierdie dinge wat met Israel gebeur het, opgeskryf is om as voorbeeld en waarskuwing aan ons te dien.

*Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom* (1 Kor. 10:11 – PWL).

Vreemde vuur is wanneer ons nie handel volgens YHVH se onderrig en instruksies nie, maar volgens mense leerstellings Hom as die Afgesonderde Een (die Heilige) wil vereer en verhoog en dien. Vreemde vuur is oortreding van Torah en dit is sonde en sonde is wetteloosheid en wetteloosheid is afgodery. Verwys Deut. 12:32. Spr. 30:5 en 6; Open. 22:18 en 19 – ons mag niks byvoeg of wegneem van Torah nie!!

Ons kan bespiegel oor presies wat die vreemde vuur was. Byvoorbeeld: Was Nadab en Abihu rebels of het hulle met goeie bedoelings opgetree? Het hulle dalk wyn of sterk drank gedrink en toe in die tent van samekoms ingegaan (Lev. 10:9)? Het hulle die nodigheid van die dra van die priesterlike klere in die teenwoordigheid van YHVH dalk veronagsaam. Miskien was die gloeiende kole in hulle vuurpanne vanaf 'n ander bron as van die brandofferaltaar? Wou hulle nie miskien op hulle eie skeppende wyse uitdrukking aan hul liefde en ywer vir YHVH gee nie? Daar is vele ander moontlikhede wat ook oorweeg kan word.

Die feit bly egter dat beide op 'n wyse gehandel het wat strydig met YHVH se onderrig en instruksies was. Hulle het YHVH se Torah, Sy onderrig en instruksies, oortree (Lev, 8:35) en gesterwe. Nadab en Abihu het op 'n wyse gehandel wat volgens hul eie standaard aanvaarbaar en goed gelyk het, maar hulle het egter nie aan YHVH se geregtigheid voldoen nie (Matt. 6:33).

YHVH is 'n verterende vuur (Jes. 30:27; Jes. 33:14 en Heb. 12:29). Hy brand ons skoon (silwer smid) of Hy brand ons dood. YHVH is ewe getrou aan Sy seeninge as aan Sy oordele.

Laat ons alle vreemde vure blus met die waarheid van 'n Torah-gehoorsame lewe as geregverdigde in Yeshua Messias!!

[Die vreemde vuur wat Nadab en Abihu voor YHVH gebring het word meer volledig bespreek in ons skrywe wat afgelaai kan word by:
http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/GB7.Apr12VreemdeVuur1.pdf]

**Bepeins of Bespreek**

1. Elkeen van ons behoort te vra: Is ek nie dalk ook soos Nadab en Abihu skuldig nie? Is ek seker dat ek as priester (1 Pet. 2:9) nie dalk ook 'vreemde vuur' in die Teenwoordigheid van YHVH bring nie? Reageer jy hierop ook soos wat ek aanvanklik op hierdie vrae gereageer het met 'n onmiddelike: Wie...? Ek...? Nooit nie...!!

2. Is die hedendaagse evangelie van vry van die wet (Torah) nie vreemde vuur wat voor YHVH gebring word nie?

3. Is die manifistasie wat by sommige byeenkomste van gelowiges plaasvind nie ook vreemde vuur nie?

**Lev. 10:16 – en Moses het rondgesoek.**

*Moshe het ernstig navraag gedoen na die sondofferbok en let op, dit is verbrand!* Lev. 10:16 – PWL

In Hebreeus word *ernstig navraag gedoen* (*rondgesoek* in die Afrikaanse Ou Vertaling) geskryf as *darosh darash* wat letterlik beteken dat Moses *soekend gesoek het*. Dit is om met oorgawe en toewyding te soek.

*Darosh darash* is die middelste twee woorde van Torah. Dit beteken dat wanneer die Hebreeuse woorde vanaf die eerste woord in Torah (*B'reisheet* – Gen. 1:1) getel word tot by *darosh* en wanneer die Hebreeuse woorde vanaf die laaste woord van Torah (*Israel* – Deut. 34:12) terugwaarts getel word tot by *darash*, sal die twee getalle gelyk wees.

*Darash* is die Hebreeus om ernstige (toegewyde) ondersoek (navraag) te doen, maar verwys ook na die toegewyde bestudering van die Torah (die Skrifte), naamlik om te *m'drash.* Dit herinner ons aan die woorde in Deut. 6:6 tot 9:

*Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees. Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer en daaroor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. Jy moet dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorkopband tussen jou oë wees. Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf.* (PWL).

Ons lees ook in Ps. 1:1 tot 3 dat elkeen wat YHVH se Torah dag en nag oordink welgeluksalig sal wees, asook voorspoedig sal wees in alles wat hy doen. Ons moet die Skrifte met toegewyde erns ondersoek, want dit bevat die getuienis van YHVH Yeshua (Joh. 5:39). Daarom moet ons biddend en soekend klop aan die deur van YHVH se Woord, want elkeen wat bid ontvang, en elkeen wat soek vind en vir elkeen wat klop sal die deur na die Vader se openbaringe oopgemaak word (Matt. 7:7 en 8).

Dikwels behels dit om met die Woord van YHVH te worstel totdat jy self die waarheid 'sien' (verstaan en bevestig). In Gen 3:24 tot 26 lees ons van Jakob se worsteling:

*Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van*

*Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.*

Die Man met wie Jakob geworstel het was Yeshua, die Torah-woord van YHVH. Die betekenis van *worstel* is om *te stoei of te knoop*. Die Torahkenner, Rashi, verduidelik dit soos volg: *The Hebrew word for wrestle (avek) implies that Jacob was "tied", for the same word is used to describe knotted fringes in a Jewish prayer-shawl, the tzitzityot. Rashi says, "thus is the manner of two [people] who struggle to overthrow each other, that one embraces [the other] and knots him with his arms". My (our) intellectual wrestling had been replaced by a different kind of struggle: "Wrestling with God." It is an intimate act, symbolizing a relationship in which God and I are bound together. My wrestling is a struggle to discover what God expects of me, and I am "tied" to the One who assists me in that struggle*.

Ons worstel met die Woord (Torah) (knoop onsself om die Woord soos ‘n stoeier) ten einde die waarheid te ken (te ontdek). Dit is die waarheid wat ons vrymaak (Joh. 8:32). Soos Jakob sê ons ook: *Ek sal U nie laat gaan nie tensy U my met die waarheid volgens u Woord seën.*

*Die mens glo die leuen nie omdat hy moet nie, maar omdat hy wil!*

**Bepeins of Bespreek**

1. Die waarheid kan ons net vrymaak wanneer ons die waarheid toepas (dit benut). Waarheid (kennis) wat nie benut word nie is nutteloos!

2. YHVH se Woord is soos ‘n diamantmyn. Dit vereis egter arbeid en kundigheid om vir die diamante te delf. Ons is die delwers (arbeiders) en die Afgesonderde Gees (die Kundige) wys ons waar die kosbare diamante is en hoe om dit te delf en te slyp.

**Levitikus 11:1 tot 47 – YHVH se Voedselvoorskrifte**

יהוה *het weer met Moshe en Aharon gepraat en vir hulle gesê:“Praat met die kinders van Yisra’el en sê: ‘Hierdie is die diere wat julle mag eet vanuit al die viervoetige diere wat op die aarde is.* Lev. 11:1 en 2 – PWL vertaling

Die feit dat die dood van Nadab en Abihu die voedselvoorskrifte van YHVH voorafgaan, behoort elkeen tot ernstige nadenke te dwing. Talle Christene is onverskillige hieroor, tenspyte daarvan dat YHVH verklaar dat die mens wat onrein diere eet self onrein word (Lev. 11:44) en nie in Vader-God se Teenwoordigheid mag kom nie.

Wanneer daar van YHVH se voedselvoorskrifte gepraat word, is die reaksie by die meerderheid Christene dat dit nie van toepassing op hulle is nie. Die rede wat aangevoer word, is die siening dat hulle vry van die wet is, want hulle is onder die genade.

Diegene wat hierdie standpunt huldig behoort hulself egter die volgende vraag te vra: Was hierdie wette slegs vir ‘n geestelike doel deur God ingestel of was daar moontlike ander redes ook voor gewees? Hierdie vraag behoort gevra te word in die lig daarvan dat Vader-God die belange van Sy kinders altyd eerste stel. Is hierdie voedselvoorskrifte nie moontlik ook vir die algemene welsyn en gesondheid van die mens nie?

Dit wil voorkom asof voedsel, en dus wat die mens mag eet en nie mag eet nie, nog altyd die toets was vir die erns en toewyding van die mens se verhouding met sy Skepper-God.

*en יהוה -God het die mens beveel en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy as kos eet, maar van die 'Boom van die Kennis van Goedheid en Boosheid', daarvan mag jy nie eet nie, want op die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterf."* Gen. 2:16 en 17 – PWL.

Voedselvoorskrifte van wat ons mag en nie mag eet nie het 'n neiging om ons rebelsheid aan die lig te bring. Van die begin af was die vraag: *Vertrou ons YHVH sodanig, en het ons Hom so lief, dat ons bereid is om Sy voorskrifte aan ons te glo en nougeset te volg? OF is ons eerder bereid om slawe te wees van ons eie begeertes en aptyte en kultuur?*

Met bestudering van YHVH se voedselvoorskrifte is die volgende belangrik:

- Gen. 2:9, 16 en 17 – Soos reeds genoem was die eerste opdrag in die Tuin van Eden ten opsigte van wat die mens mag en nie mag eet nie. Hierdie opdrag verwys na geestelike sowel as fisiese voedsel.

- Gen. 7:2 – Die onderskeid tussen rein en onrein diere het reeds voor Sinai en dus voor die gee van die wet (Torah) bestaan.

- YHVH as Skepper van die mens sal weet wat goed en wat sleg vir die mens is.

- YHVH se Torah (die wet) is Sy liefdevolle onderrig en is altyd in die belang van sy kinders (die mens).

- YHVH se voedselvoorskrifte het dus ook met Vader-God se natuurwette te doen, naamlik wat is gesonde en wat is ongesonde voedsel om te eet. Daar is genoegsame wetenskaplike bewys dat onrein diere gesondheidsgevare vir die mens inhou. Die hoofrede is dat alle onrein diere die natuur se 'afval verwyderaars' is – as te ware 'die stofsuiers' van die natuur!

Die volgende is 'n kort opsomming van YHVH se voedselvoorskrifte ten opsigte van wat geëet mag word:

- Diere – Moet gesplete hoewe hê en hulle kos herkou.

- Vis – moet vinne en skubbe hê.

- Voëls – Geen spesifieke opdragte nie, behalwe dat hulle nie roofvoëls mag wees of oorskiet van ander diere eet nie.

- Ander lewende diere (insekte) – Hulle moet kan vlieg en spring soos die sprinkaan byvoorbeeld en nie op die grond kruip nie.

- Gen. 1:29 – Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.

- Lev. 3:17 en 7:22 tot 27 – Geen bloed of vet mag geëet word nie (Soos in Parashah 25 bespreek was).

Sekere teksverse uit die hernieude verbond word as sogenaamde bewys gebruik dat YHVH se voedselvoorskrifte opgehef is. Laat ons dit egter ondersoek of dit die waarheid is:

- **Handelinge 10 – Petrus se verukking van sinne**

  Die verrukking van sinne (visioen) wat Petrus beleef het, het duidelik niks met wat geëet mag word te doen nie, maar met mense. Deur die Gees van YHVH is ‘n geestelike waarheid aan Petrus openbaar gemaak, naamlik dat geen mens onheilig (*koinos*) of onrein (*akathartos*) is nie. In Yeshua Messias is daar dus geen onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie, maar almal is een – deel van een liggaam. Daarom het Petrus dan ook die eerste nie-Jode gedoop (Hand. 10:45 tot 48).

  Die verdere bevestiging dat Petrus die visioen reg verstaan het, is die feit dat hierdie nie-Jode ook, soos die Apostels op Pinksterdag, die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang het en in tale gespreek het (Hand. 10:45 en 46).

  Petrus het hierdie verrukking van sinne sowat 8 tot 10 jaar na Yeshua Messias se kruisiging, opstanding en hemelvaart gehad. In hierdie tydperk het Petrus *nooit iets onheiligs of onreins geëet nie* (Hand. 10:14). Dit is dan ook bevestiging dat Petrus, soos die ander Apostels, steeds aan YHVH se voedselvoorskrifte gehoorsaam was. Hulle was geensins van mening dat YHVH se voedselvoorskrifte deur die kruisdood van Yeshua opgehef was nie. Ons lees ook nêrens dat Petrus sy eetgewoontes na hierdie visioen gewysig het nie.

- **Mark. 7:18 en 19 – Die mens word nie onrein deur dit wat by sy mond ingaan nie**

  Markus hoofstuk 7 handel oor die oorlewering van mense (mondelingse wette) versus dit wat Torah verklaar. Yeshua Messias het nie die Fariseërs se oorlewering as sulks verbied nie, maar bevestig dat dit te alle tye, en in alle omstandighede, onderhewig aan Torah (die geskrewe Woord) moet wees (Joh. 7:22 tot 24 as voorbeeld). Die voedselwette van YHVH word dus nie in hierdie hoofstuk bespreek nie, maar wel die feit dat die Fariseërs mensgemaakte wette bo die wet van YHVH stel. Yeshua verduidelik aan hulle dat reinheid nie soseer ritueel of fisies is nie, maar wel geestelik.

  ‘n Bepaalde teksvers(e) moet altyd in konteks met die voorafgaande verse gelees word, asook in konteks van wat die Skrifte in geheel oor die bepaalde onderwerp sê. Wanneer die sewende hoofstuk in die Evangelie volgens Markus gelees word, is dit baie duidelik dat die bespreking oor die oorlewering (tradisies, voorskrifte en wette) van mense gaan. Dit word ondermeer deur verse 7 to 9 bevestig:

*Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.*

Die voedselvoorskrifte van YHVH is nie gebooie van mense nie en so ook nie die verdeling van diere as rein en onrein nie. Dit is instruksies wat YHVH van die begin af vir die mens gegee het. Daar word nie na die eet van rein of onrein diere in hierdie hoofstuk (Mark 7:1 tot 23) verwys nie, maar die kwessie gaan oor Yeshua se dissipels wat deur die Fariseërs beskuldig word dat hulle eet sonder om hulle hande ritueel te was. Hierdie voorskrif kom egter nêrens in Torah voor nie en is sodoende ondergeskik aan Torah.

Die kernboodskap van Markus 7:1 tot 23 is die feit dat dit wat uit die mens se hart kom is dit wat die mens rein of onrein maak (vers 20 tot 23). Dit gaan dus oor die mens se hartsgesindheid. Dit gaan nie oor die wette van mense nie, maar wel oor die wette van YHVH, want Hy is ons Wetgewer (Jak. 4:12).

❖ **Kol. 2:16 tot 23 – Laat niemand julle oordeel in spys of drank.....**

In konteks gelees is die brief van Paulus aan die Kolossense ondermeer geskryf vanweë ‘n dwaalleer wat ontstaan het dat redding op ander wyses as deur geloof in Yeshua Messias plaasvind. Daarom waarsku Paulus die Kolossense om versigtig te wees *dat niemand julle as ‘n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en **nie** volgens Yeshua nie* (Kol. 2:8). Paulus praat hier van menslike wysheid, misleiding, oorlewering van mense en wêreldse beginsels. Torah is nie een van hierdie dinge nie. Nee, Torah is deur YHVH self aan die mens gegee en is dus hemels, geestelik en afgesonder. Yeshua is die lewende Torah en in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9 en 10).

Daarom beklemtoon Paulus dat redding alleenlik deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua Messias is, want die skuldbrief (nie die wet nie!!) is aan die kruis vas gespyker (Kol. 2:13 en 14).

In die lig van bogenoemde kan Kol. 2:16 en 17 nou ook verklaar word:

*Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot ‘n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat ‘n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Yeshua.*

Hoewel hierdie Skrif deur talle ondermeer ook gebruik word as sogenaamde bewys dat die voedselwette, die Shabbat en die feestye van YHVH opgehef is en dus as ‘bewys’ dat die wet, naamlik Torah, opgehef is, en die gelowige dus vry van die wet is, moet ons let op die wyse wat vers 16 begin naamlik: *Laat niemand julle **dan***..... Dit is dus duidelik dat hierdie twee verse saam gelees moet word met die voorafgaande teksverse in Kolossense.

Indien die brief aan die Kolossense dus in konteks gelees word, is dit duidelik dat die gelowiges deur die valse leraars beskuldig word dat hulle nie die leerstellings en bevele volg soos deur hulle (die valse leraars) voorgeskryf word nie. Paulus sê dus aan die gelowiges om nie toe te laat dat mense hulle oordeel volgens hulle mensgemaakte tradisies en verordeninge nie. Dit is dus duidelik dat die Kolossense steeds die wet (Torah – shabbat, die feestye, voedselwette, ens. ) gehou het. Die valse leraars van Gnostisisme en ekstreme Judaïsme het hulle egter hieroor veroordeel. Paulus sê dus dat die ware gelowiges moet hou by die waarheid en nie by die valse leerstellings nie.

Verder herinner Paulus die Kolossense daaraan dat die Shabbat, die feestye van YHVH, ensovoorts ‘n skadubeeld (‘n afbeelding en heenwysing) is (nie was nie!!) van toekomstige dinge (Kol. 2:17). By implikasie sê hy dus dat hierdie dinge nie opgehef is nie, maar steeds as herinnering dien en gedenk moet word. Die feit dat Paulus sê dat dit *‘n skadubeeld* ***is*** van toekomstige dinge bevestig dat dit vir nou en die toekoms steeds geldig is.

In die brief aan die Kolossense word daar dus geensins na die voedselvoorskrifte van YHVH, of die opheffing van die wet, verwys nie. Nee, Kol. 2:20 verwys na wêreldse insettinge (wette, voorskrifte). Torah is nie wêrelds nie, maar afgesonder, want dit bevat die wese van die Almagtige God. Dit is die wysheid van YHVH en nie eiesinnige godsdiens of sogenaamde nederigheid nie. Die bedoeling van Torah is ook nie gestrengheid (selfkastyding) van die liggaam nie, maar voorskrifte vir ‘n voorspoedige en geseënde lewe. Torah is nie nutteloos nie en die bedoeling daarvan is nie versadiging (bevrediging) van die vlees nie.

Daarom is YHVH se voedselvoorskrifte steeds van toepassing, want dit is gegee vir die welsyn van die gelowige onder die ou- en die hernieude verbond!

**Bepeins of Bespreek**

1. Slegs rein diere was geskik vir offerhandes in die tabernakel en tempel. Die offer van enige onrein dier sou ‘n gruwel vir YHVH gewees het! Al ooit hieroor nagedink? Jou liggaam is die tempel van die Afgesonderde Gees en daarom is die voeding van jou liggaam met onrein vleis ook ‘n gruwel vir YHVH!

2. Sal Yeshua Messias by Sy wederkoms onrein diere eet? Sal enige mens dit waag om wat onrein is aan Yeshua as maaltyd te bedien?

3. Almal sal saamstem dat YHVH se wette oor moord, diefstal, egbreek, ensovoorts nie verander het nie, hoekom sal Sy voedselvoorskrifte dan verander het? Of jy YHVH se voedselvoorskrifte eerbiedig of nie, sal afhang van wat jy glo, naamlik vry van die wet of vry onder die wet. Verwys Matt. 5:17.

4. Mag ons sekere bestanddele wat uit onrein diere ekstraeer word en in die voedsel-, kosmetiese- en farmaseutiese bedryf aangewend word, eet of drink of ons liggame daarmee behandel?

5. Wat van plantspesies wat geen sade bevat nie, byvoorbeeld pitlose (saadlose) druiwe? Mag ons fungi (swamme) soos sampioene eet? Volgens sommige mag ons nie, en tog is die spore van sampioene die ‘saad’, want dit bevat al die genetiese inligting vir voortplanting

6. Wat van genetiese gemodifiseerde rein diere, sowel as geneties gemodifiseerde saaddraende vrugte en groente? Is dit volgens Torah geskik as voedsel vir die mens?

[‘n Meer volledige Skriftestudie oor YHVH se voedselvoorskrifte kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?cat=13]

## Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

**2 Sam. 6:1 tot 7:17 –** Dawid bring die ark terug na Jerusalem

Hierdie week se Torah- en Haftorah Skriflesing leer ons ‘n baie belangrike les, naamlik: Daar is slegs een manier om YHVH te dien en te aanbid en dit is YHVH se manier!! Die mens se beste bedoelde en opregte pogings is nie goed genoeg nie!! Die sterwe van Nadab en Abihu wat vreemde vuur gebring het, en Dawid se aanvanklike poging om die verbondsark terug te bring, is bevestiging hiervan.

Kom ons volg die geskiedenis van hoe Dawid die ark na Jerusalem teruggebring het. Hierdie is een van daardie gebeure in Israel se geskiedenis wat as voorbeeld opgeskryf is sodat dit as waarskuwing kan dien aan ons op wie die einde van die tye gekom het (1 Kor. 10:11).

Die verbondsark met sy versoendeksel was die kontakpunt (simbool) van YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid (Glansryke Heerlikheid; Hebreeus: *kabod*). Dawid het met ‘n opregte hart verlang om die verbondsark weer na Jerusalem terug te bring sodat dit weer die regmatige plek in die samelewing kan inneem. Dawid wou dus die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH terugbring tot in die midde van Israel – daar waar dit voorheen was.

YHVH verstaan dat ons as mense dikwels ‘n kontakpunt benodig om as hulpmiddel te dien om sekere geestelike (hemelse) waarhede te verstaan en te demonstreer. In die fisiese realm sal dit miskien ‘n foto of trouring of aandekking of brief wees wat ons geheue sal verfris en maak dat ons sekere emosies herleef. Dit is kontakpunte (aandekkings) wat ons veilig bewaar, want dit is kosbaar en onvervangbaar. Ons het ‘n sterk emosionele verbintenis met sulke kontakpunte.

In ons geestelike realm het ons soortgelyke kontakpunte. Dit kan ‘n geliefde Bybel wees, of salfolie, of ‘n gesalfde kleed. Die brood en die wyn tydens Shabbat dien as kontakpunt van ‘n hoër geestelike waarheid, So ook is die doopwater ‘n kontakpunt wat ‘n geestelike waarheid demonstreer. Dit is ‘n dwaling, en selfs afgodery, om te sê dat die water werklik die sondes afwas en geestelike reiniging meebring. Die doop is ‘n fisiese handeling wat ‘n geestelike waarheid demonstreer (simboliseer).

In die lig van bogenoemde kan ons Dawid se ywer om die verbondsark terug te bring verstaan. Die verbondsark was nie net die kontakpunt van Israel se geskiedenis nie, maar ook van Israel

se toekoms, want dit bevat die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH. Soos Moses het Dawid ook geglo en daarom gesê: *As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie* (Ex. 33:15).

Die geskiedenis van Israel leer ons wat gebeur as die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH weggeneem word. Telkens wanneer Israel aan Torah ongehoorsaam was, het die vyand die oorhand gekry. So byvoorbeeld lees ons in die eerste boek van Samuel hoe YHVH die huis van Eli oordeel weens hulle ongeregtighede en deur die Filistyne verslaan word (1 Sam. 3:14; 1 Sam. 4:2). Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, het ook in die veldslag gesterf. Die Filistyne het die verbondsark as oorlogsbuit uit Silo geneem (1 Sam. 4:3) en dit na Asdod geneem en dit in die huis (tempel) van Dagon langs Dagon gesit (1 Sam. 5:1 en 2). So groot was hierdie skok vir Eli dat hy agteroor van sy stoel afgeval het en sy nek gebreek het (1 Sam. 4:21). Pinehas se vrou het van skok vroegtydig gekraam en die kind Ikabod genoem, want het sy gesê: *Weggevoer is die eer uit Israel, omdat die ark van God geneem is* (1 Sam. 4:22). Die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH het uit die midde van Israel verdwyn!

Na sewe maande het die Filistyne die verbondsark teruggestuur, want hulle was met groot teenspoed getref. Dit leer ons dat YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid slegs vir Sy volk bestem is. Die ark was geplaas in die huis van Abinadab by Kirjat-Jearim en hulle het sy seun Eleasar afgesonder om die verbondsark te bewaak (1 Sam. 7:1).

Na twintig jaar, en in die tyd waar die hele Israel agter YHVH aan geweeklaag het, het Sameul met die hele huis van Israel gespreek en gesê:

*As julle met jul hele hart julle tot YHVH bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op YHVH en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne. Daarop het die kinders van Israel die Baäls en die Astartes verwyder en YHVH alleen gedien* (1 Sam. 7:3 en 4).

Toe Israel se harte teruggekeer het tot Torah-gehoorsaamheid en al die afgode uit hulle midde verwyder was, het hulle die Filistyne verslaan, want YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid was in hulle midde (1 Sam. 7:5 tot 11). Niemand kan standhou teen YHVH se Glansryke Heerlikheid nie?

Na hierdie gebeure, en weens Sameul se ouderdom, asook sy seuns wat nie in die weë van Torah gewandel het nie, is Saul as koning aangestel. Tydens Saul se heerskappy het hy nooit ‘n poging aangewend om die verbondsark na Jerusalem terug te bring nie. Dit het koning Dawid gekos om dit te doen:

*En Dawid het raad gehou met die owerstes oor duisend en oor honderd, met elke bevelhebber; en Dawid het aan die hele vergadering van Israel gesê: As julle dit goedvind en dit van YHVH onse God is, laat ons ons versprei en na ons broers stuur wat nog oor is in al die landstreke van Israel, en saam met hulle na die priesters en die Leviete in die stede waar hulle weiveld het, dat hulle by ons bymekaar moet kom. En laat ons die ark van onse God na ons toe oorbring, want in die dae van Saul het ons daar nie na gevra nie. Toe sê die hele vergadering dat hulle so moes doen, want die saak was reg in die oë van die hele volk.* 1 Kor. 13:1 tot 4.

Met opregte bedoelings het Dawid en Israel voorbereidings getref om die verbondsark by Kirjat-Jearim te gaan haal. ‘n Nuwe wa is vir die doel gebruik en *Dawid en die hele Israel het voor die aangesig van God met alle mag gespeel, sowel met liedere as met siters en harpe en tamboeryne en simbale en trompette* (1 Kron. 13:8, 2 Sam. 6:5). By die dorsvloer van Kidon het die osse wat die wa getrek het, gestruikel en Ussa het sy hand uitgesteek om die verbondsark vas te hou (1 Kron. 13:9; 2 Sam. 6:6).

*Daarop het die toorn van YHVH teen Ussa ontvlam, en God het hom daar getref oor dié vergryp, sodat hy daar by die ark van God gesterf het. En Dawid het ontroerd geword, omdat YHVH ‘n skeur aan Ussa geskeur het; daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa, tot vandag toe. En Dawid het daardie dag vir YHVH bevrees geword en gesê: Hoe kan die ark van YHVH na my kom?* 2 Sam. 6:7 tot 9.

Hoekom het Dawid gevra: *Hoe kan ek dan die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH terugbring?* Dawid het met opregte bedoelings, en met die beste menslike vermoeëns probeer om die ark terug te bring, maar besef dit was nie goed genoeg nie!! Hy moes gaan uitvind wat was YHVH se voorskrifte aangaande die vervoer van die verbondsark en Hy moes dit op YHVH se wyse doen. Dawid het geleer dat goeie bedoelings nooit ‘n plaasvervanger vir gehoorsaamheid is nie!!

So moes Dawid dan teruggaan na YHVH se onderrig en instruksies (die Torah) om uit te vind hoe die verbondsark vervoer moes word. In Deut. 10:8 en Deut. 31:9 en 25 is die opdrag duidelik dat die stam van Levi, die priesters, afgesonder is om die verbondsark te dra. Daarom het Dawid toe gesê:

*Toe sê Dawid: Niemand mag die ark van God dra nie, behalwe die Leviete; want YHVH het hulle uitverkies om die ark van God te dra en om Hom tot in ewigheid te dien. En Dawid het die hele Israel in Jerusalem versamel om die ark van YHVH te bring na sy plek wat hy daarvoor reggemaak het.* 1 Kron. 15:2 en 3

*En Dawid het die seuns van Aäron en die Leviete versamel….. (1 Kron. 15:4 tot 11).... en aan hulle gesê: Julle is hoofde van families van die Leviete; heilig julle, julle en jul broers, en bring die ark van YHVH, die God van Israel, op na die plek wat ek daarvoor reggemaak het.* ***Want omdat julle in die begin nie by was nie, het YHVH onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.*** *Daarop het die priesters en die Leviete hulle geheilig om die ark van YHVH, die God van Israel, te gaan haal. En die seuns van die Leviete het die ark van God, soos Moses volgens die woord van YHVH beveel het, op hulle skouers gedra, met die draaghoute op hulle.* 1 Kron. 15:12 tot 15.

Saam met dit het Dawid die musiekinstrumente en sangers opgestel wat die ark na Jerusalem vergesel het.

*En toe die draers van die ark van YHVH ses treë geloop het, het hy ‘n bees en ‘n vetgemaakte kalf geoffer. Daarby het Dawid met alle mag gedans voor die aangesig van YHVH; en Dawid was omgord met ‘n linneskouerkleed.* 2 Sam. 6:13en 14 (Verwys ook 1 Kron. 15:25 en 26)

Dit het die dood van Ussa gekos om Dawid tot eerbiedige respek vir YHVH te ‘dwing’ (2 Sam. 6:9) en vir hom om terug te keer na Torah-gehoorsaamheid. Dawid moes leer dat YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid alleenlik volgens YHVH se onderrig en instruksies teruggebring kan word. Torah-gehoorsaamheid is die katalisator wat YHVH se Glansryke Heerlikheid laat manifisteer.

Drie maande na Ussa se dood het Dawid besluit om die ark, wat intussen na die huis van Obed-Edom, die Gittiet, geneem was, na Jerusalem te bring na die tent wat Dawid daarvoor ingerig het. Hierdie besluit van Dawid was gemotiveer deur die feit dat die huis van Obed-Edom oorvloedig geseën was vanweë die verbondsark wat daar gestaan het.

*En toe aan koning Dawid meegedeel is: YHVH het die huis van Obed-Edom en alles wat aan hom behoort, geseën ter wille van die ark van God, het Dawid gegaan en die ark van God met vreugde uit die huis van Obed-Edom na die stad van Dawid gebring.*

Laat ons nie vergeet wat ondermeer in die verbondsark was nie – en nog steeds is, naamlik: Die twee kliptafes met die Tien Gebooie en die fles met Manna. Die verbondsark is dus ‘n sinnebeeld van YHVH se Torah en van Yeshua, die ware Manna uit die hemel, naamlik die Lewende Torah (Joh. 1: en 6:58). Hierdie twee gaan hand-aan-hand!! Torah-gehoorsaamheid in Yeshua bring dus die manifistasie van YHVH se Teenwoordigheid wat gepaardgaan met oorvloedige seën.

Slotsom: Daar is slegs een manier om YHVH te dien en te aanbid en om Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid te ondervind en dit is YHVH se manier!! Dit is deur geloof in Yeshua as die Messias wat opgevolg word deur Torah-gehoorsaamheid. Die mens se beste bedoelde en opregte pogings is nie goed genoeg nie!!

**Bepeins of Bespreek**

1. Hoekom het YHVH se toorn teen Ussa ontvlam? Was sy bedoelings dan nie ook opreg nie? Of het Ussa dalk onverskillig gestaan teenoor die verbondsark (‘n sinnebeeld van Torah en Yeshua) wat jarelank in hulle huis was? Het Ussa nie die verskil geken, of dit geminag, tussen dit wat YHVH as heilig en onheilig beskou en tussen dit wat rein en onrein is nie? Dien hierdie nie as waarskuwing aan die wat glo in Yeshua, maar die Torah van YHVH verwerp nie?

2. In hierdie verband moet ons ook ons herinner aan koning Saul wat met goeie bedoelings offers gebring het met diere wat as oorlogsbuit onder die banvloek was (1 Sam. 15:1 tot 28). Ongehoorsaamheid het Saul sy koningskap gekos. So ook moet ons Nadab en Abihu se ongehoorsaamheid nie vergeet nie, asook nie die van Kain nie!

3. Sal die Glansryke heerlikheid van YHVH manifisteer in byeenkomste waar geglo word dat YHVH se wet (Torah) opgehef is? Wat is die bron van die bonatuurlike manifistasie wat wel dan plaasvind? Is dit demonies of blote emosionele opsweping?

4. Met verwysing na 2 Sam. 6:16 en 20 is die vraag: Wat, of wie, het Migal verag? Vir Dawid of die verbondsark? Dikwels sal mense die dinge van YHVH verag, maar hulle minagting rig teen die mense wat die waarheid van die Woord verkondig en leef! Onthou: Die verbondsark is ‘n afbeelding van Yeshua en dus kan gevra word vir wie het Migal minagting getoon? Talle sal beweer dat hulle volgelinge van Yeshua (“Jesus”) is, maar minag Sy Woord en die boodskappers van Sy Woord. Mense wat ‘n passie vir YHVH Yeshua en Sy Woord (Torah) het word daarom dikwels beskuldig van fanaties, mislei, verval van die genade, ensovoorts. Lees egter wat sê Open. 3:14 tot 20 in die verband!

5. Wil jy YHVH Yeshua se Gemanifisteerde Teenwoordigheid in jou lewe en huis ervaar? Soek die Vaderhart, en die Vader se hand sal aan jou openbaar word! Die wyse om dit te ondervind is deur geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah. Onthou die Hebreeuse wysheid wat leer: Vir elke *mitzvah* (opdrag) wat jy gehoorsaam, bou jy ‘n brug na die hemel!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*